



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE antwoord op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 In die Khoisan-godsdiens word daar geglo dat daar … godhede is (nie).

A drie
B geen
C twee
D etlike (1)

1.1.2 Theravada-Boeddhiste word gelei deur 'n gemeenskap van monnike en nonne wat as die … bekend staan.

A Sangha
B kapelane
C radjas
D kardinale (1)

1.1.3 Die oudste van al die Hindoe-skole is …

A Shaktisme/Sjaktisme.
B Vaishnavisme.
C Smartas.
D Shaïvisme. (1)

1.1.4 Die Handves vir Barmhartigheid is deur 'n wêreldgodsdiensgeleerde, …, begin.

A Karen Armstrong
B Karl Marx
C Ludwig Feuerbach
D Swami Vivekananda (1)

1.1.5 Om iets op te pas sodat dit na die volgende geslag oorgedra kan word, is …

A liefdadigheid.
B rentmeesterskap.
C geloofsbelydenis.
D die wet van Moses. (1)

1.1.6 Die sentrale leerstellings van die Bahá'i-geloof is in die … vervat.

A Kitáb-i-Aqdas
B Agtvoudige Weg
C Koran
D Misjna Tora (1)

1.1.7 In die Christelike godsdiens verwys die Opstanding na …

A die Kruisiging.
B die dood van Jesus Christus.
C die Drie-eenheid.
D Jesus Christus wat die dood oorwin het. (1)

1.1.8 Boeddhisme is baie deur … beïnvloed.

A Hindoeïsme en Islam
B Islam en Sikhisme
C Islam, Hindoeïsme en Confucianisme
D Taoïsme en Hindoeïsme (1)

1.1.9 'n Klein afwykende godsdienstige groep staan as … bekend.

A ortodoks
B 'n sekte
C onbesnedenes ('gentiles')
D Protestante (1)

1.1.10 'n Persoon wat op eie meriete Nirvana kan binnegaan:

A Mahabharata
B Bodhisattva
C Rama
D Sathyagraha (1)

1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Betrokke by die bevordering van eenheid onder Christenkerke (1)

1.2.2 'n Stel beginsels oor hoe 'n samelewing georden moet wees (1)

1.2.3 Bevryding van die siklus van weergeboorte in Hindoeïsme (1)

1.2.4 Iemand wat as tussenganger tussen die sigbare en die geestelike wêreld optree (1)

1.2.5 Lei gemeentegebed in Islam (1)

1.2.6 Aanneem van valse oortuigings en praktyke (1)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Moet NIE enige letter meer as een keer gebruik NIE.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Ummah | A | om nooit enige lewende wese kwaad aan te doen nie |
| 1.3.2 | Halakhah | B | toon groot respek of ontsag vir iets of iemand |
| 1.3.3 | Mahatma Gandhi | C | 'n versameling heilige geskrifte en stories van Boeddhistiese oorsprong |
| 1.3.4 | Ahimsa | D | streng deur Ortodokse Jode gehoorsaam |
| 1.3.5 | Verering | E | alle Moslems, ongeag ras, moet mekaar as broers en susters beskou |
| 1.3.6 | Tripitaka | F | het die stryd vir Indiese onafhanklikheid gelei |
| | | G | die naam wat Griekse geskiedkundiges oorspronklik aan literêre illustrasies gegee het |

(6 x 1) (6)

1.4 Kies die woord in elke lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord en 'n rede waarom dit nie pas nie langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.4.1 Verering; Eerbiedig; Aanbid; Waarsêer (2)

1.4.2 Identiteit; Tao; Vergelykbaarheid; Eenheid (2)

1.4.3 Monoteïsme; Ateïsme; Politeïsme; Sinkretisme (2)

1.4.4 Vyf Pilare; Vier Edel Waarhede; Godsdienstige Vryheid; Nagmaal (2)

1.4.5 Koning; Sondag; Stam; Hoofman (2)

1.5 In die konteks van godsdiens, verduidelik ELK van die volgende konsepte:

1.5.1 Eendersheid (2)

1.5.2 Uniekheid (2)

1.5.3 Halaal (2)

1.5.4 Eenheid (2)

1.5.5 Vergelykbaarheid (2)

1.6 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.4) neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.6.1 Hindoeïsme leer dat 'n mens god kan wees. (2)

1.6.2 In Judaïsme is Dawid die goddelike naam van God. (2)

1.6.3 Die heilige teks van die Bahá'i-geloof is oorspronklik in Grieks geskryf. (2)

1.6.4 Volgens die Taoïstiese siening ontstaan al die wêreldprosesse uit tienduisend dinge. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Godsdienstige identiteit behels selfidentifikasie en selfverklaring deur diegene wat in die leerstellings van 'n spesifieke godsdiens glo en dit volg.

In die konteks van godsdiens, verduidelik ELK van die volgende konsepte:

2.1.1 Lering/Leerbeginsel (4)

2.1.2 Mite (4)

2.1.3 Leerstelling (4)

2.1.4 Gelykenis (4)

2.1.5 Dogma (4)

2.2 Verduidelik die filosofie van *ubuntu*. (4)

2.3 Beskryf TWEE faktore wat die godsdienstige identiteit van mense vorm. (4)

2.4 Omdat Hindoes aan reïnkarnasie glo, is die fisiese liggaam nie so belangrik soos die siel nie. Liggame word gewoonlik veras en die as gestrooi.

Bespreek kortliks die *leerstelling van reïnkarnasie*. (8)

2.5 Verduidelik die woord *kanon*. (2)

2.6 Noem TWEE feite oor die volgende godsdienste met betrekking tot:

2.6.1 Hoe die Bahá'i-geloof die toekoms van godsdienste beskou (4)

2.6.2 Hindoeïsme se sosiale struktuur (4)

2.6.3 Tradisionele genesers in die Afrika Tradisionele Godsdiens (4)
**[50]**

## VRAAG 3

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GODSDIENS IN DIE MEDIA**

Die moderne media maak inligting oor gebeurtenisse wat wêreldwyd plaasvind, soos wat dit gebeur, aan mense bekend. Mense kyk na hierdie inligting en vorm menings oor wat besig is om te gebeur. Die menings wat hulle vorm, kan dan hulle reaksies en optrede beïnvloed.

Die volgende is enkele godsdienstige stereotipes* wat deur die media geskep is:

- Jode is gierigaards.
- Katolieke priesters is kindermolesteerders.
- Moslems is terroriste.
- Boeddhiste is vredeliewende monnike.

[Aangepas uit *Top Class Religion Studies*]

*stereotipes: oorvereenvoudigde mening; 'n partydige gesindheid/houding

3.1 Kies enige TWEE van die stereotipes hierbo en verduidelik waarom dit NIE WAAR is NIE. (2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 Ontleed hoe die media gewoonlik oor godsdienstige kwessies berig. (6)

3.2.2 Gee TWEE voorbeelde om jou antwoord op VRAAG 3.2.1 te illustreer. (4)

3.3 Ondersoek faktore wat die media kan beïnvloed wanneer hulle oor godsdienstige kwessies berig. (10)

3.4 Wat is die moontlike gevolge van die stereotipering van verskillende godsdienste? (8)

3.5 Wat kan die media doen om die stereotipering van godsdienste te neutraliseer? (10)

3.6 As 'n jongmens, hoe sou jy godsdienstige gemeenskappe raad gee oor die gebruik van elektroniese media, soos die Internet, televisie en sosiale netwerking, om te verseker dat hulle boodskappe korrek verstaan word? (8)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 Sommige van die regte in die Universele Verklaring van Menseregte word in die uittreksel hieronder genoem.

| |
|---|
| Elke mens het die reg op:<br><br>1. Vryheid van diskriminasie<br>2. Lewe, vryheid en persoonlike veiligheid<br>3. Vryheid van geloof en godsdiens<br>4. Vryheid van mening en inligting<br>5. Onderwys |

Kies enige DRIE van die menseregte hierbo en bespreek relevante leringe uit enige van die godsdienste wat jy bestudeer het wat hierdie menseregte bevorder. (12)

4.2 Godsdienstige oortuigings speel verskillende rolle in verskillende godsdienste. Oortuigings kan enigiets vanaf aanvaarding van iets tot 'n ferm mening beteken.

Vergelyk die rolle wat deur oortuigings in die volgende godsdienste gespeel word:

4.2.1 Christelike godsdiens (4)

4.2.2 Boeddhisme (4)

4.2.3 Afrika Tradisionele Godsdiens (4)

4.3 Godsdiens word dikwels as die bron van moraliteit beskryf.

4.3.1 Wat verstaan jy onder *moraliteit*? (4)

4.3.2 Gebruik ten minste DRIE voorbeelde om te toon dat moraliteit van godsdiens afkomstig is. (12)

4.3.3 Na jou mening, wat is die redes vir 'n gebrek aan moraliteit in die moderne samelewing? (10)
**[50]**

**VRAAG 5**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**INTERGODSDIENSTIGE VERHOUDINGE**

Godsdienstige gemeenskappe het leiers op die gebied van vredesopleiding geword. Hulle besef dat alhoewel oortuigingsverskille deur die hele geskiedenis tot konflik bygedra het, godsdienstige mense by baie geleenthede 'n merkbare vermoë tot versoening en diens aan ander getoon het. Deur die opleidingstrukture wat hulle alreeds gevestig het, is godsdienste in die unieke posisie om 'n kultuur van vrede onder hulle volgelinge, en in die samelewing as 'n geheel, te bevorder.

[Bron: *Focus on Religion Studies Grade 12*]

5.1 Suid-Afrika is 'n multigodsdienstige samelewing. Bespreek hoe die Suid-Afrikaanse regering respek, verdraagsaamheid en begrip van alle godsdienste bevorder. (12)

5.2 Bespreek die geskiedenis van die Parlement van die Wêreld se Godsdienste, vanaf die begin tot 2009. (10)

5.3 Evalueer die doeltreffendheid van die Parlement van die Wêreld se Godsdienste. (12)

5.4 Die Raad vir Godsdienstige Leiers in Afrika is in 2002 gestig en is die grootste verteenwoordigende multigodsdienstige platform in Afrika. Maak 'n lys van VYF rigsnoere van hierdie organisasie. (10)

5.5 Dink jy dat vroue 'n belangrike rol in die bevordering van intergodsdienstige verhoudinge in Suid-Afrika speel? Gee redes vir jou antwoord. (6)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou